# SURVIVAL 301

## Hoe om isolasie-tyd te oorleef:  Love

***"In the New Testament, love is more of a verb than a noun. It has more to do with acting than with feeling. The call to love is not so much a call to a certain state of feeling as it is to a quality of action."***

*- R. C. Sproul*

## Inleiding  (welcome)

Daar is 'n wye verskeidenheid opinies oor die lockdown.  **Wat is jou reaksie oor hierdie foto? Motiveer jou standpunt.**




## Skriflesing:  Lees Efesiers 3: 1, 5-7, 14-21

Paulus is in die tronk as hy hierdie brief skryf.   Hy is dus ook in isolasie of 'n unieke vorm van afsondering, maar hy gebruik die geleentheid om hierdie gelowiges in Efese aan te moedig.
In hierdie hoofstuk praat hy oor God se liefde vir ons en hoe dit ons uitdaag om lief te wees.

- **In v 5 praat Paulus oor 'n  once-in-a-lifetime-experience.  Wat is hierdie "geheimenis" volgens v 6?**

  Dit wil lyk of die verkondiging van die evangelie vir Paulus belangriker was as die krisis waarin hy is.  Paulus sê dat hierdie **"een-maal-in-'n-leeftyd-gebeurtenis"** God se plan van redding is, maar dit stop nie daar nie – **v 6** - Hy gee 'n tree verder – Hy sluit mense in sy plan van redding in!

  Hoekom trek krisisse in ons lewens (soos bv hierdie epidemie) ons aandag so maklik af van God se opdrag aan ons?

- **Paulus trek 'n baie nou verband tussen God se liefde vir ons en hierdie opdrag om te gaan getuig. Waarom dink julle is dit so belangrik om hierdie balans reg te hou?**

  *God se liefde vir ons, is die groot motiveerder vir ons geloof wn getuienis.*

- **In verse 14-19 bid Paulus vir hierdie gemeente. Waarvoor vra hy in die volgende verse en hoe gaan dit ons help om in hierdie isoalsietyd te oorleef?**
    - **v 16**

    - **v 17a**

    - **v 17b**

- **Watter perke of voorwaardes stel ons aan God se liefde vir ons?** *(Of in ander woorde, wanneer dink ons is ons nie goed genoeg vir God om ons lief te hê nie? op watter punt hou God op om vir ons lief te hê?)* **Paulus kan nie anders as om uit te brei oor hoe groot God se liefde vir ons nie. Hoe beskryf hy dit in v 18 en v 19?**

- **Waarom is die evangelie boodskap so kragtig?** Waarom gaan dit nie weg nie? Waarom verander dit nog steeds na 2000 jaar mense se lewens en gee dit hoop? Omdat dit **gebou is op God se onvoorwaardelike liefde vir ons**. En vir Paulus is die **"een-maal-in-'n-leeftyd-gebeurtenis,"** nie die krisis of pandemie nie, of die feit dat hy in isolasie in die tronk sit nie - maar dat hierdie boodskap vir ons gegee word om uit te dra... hy skryf later in **5:1** "***Omdat julle kinders van God is, en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg: Lewe in liefde!"***

- **Hoe kan so 'n gesindheid vir ons help om te oorleef in hierdie Corona-tyd? Wat sien mense van ons geloof in Jesus Christus en ons liefde vir hulle nou in ons reaksie teenoor COVID -19 en in hierdie tyd van isolasie?**

## Ons uitdaging is: (*works*)

i. Hoe kan ons mekaar in hierdie tyd help?

ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

iii. Watter challenge is daar vir jou in hierdie gedeelte?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Begin deur eers net vir God dankie te sê
2. Dank God dat Hy die konneksie met Hom wil regmaak.
3. Dank God vir sy liefde vir ons wat nie perke het nie.
4. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.